

eish!

Personeelblad van die NWU



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 5 No 5 September 2011

Prof Herman van der Merwe, rekenaarfundi en dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoekskampus is 'n groot natuurliefhebber. Lees meer oor hom op p8 en 9.

Lees binne!

4 In Madiba se spore

5 Erkenning vir prof Susan

10 Personeel leer Setswana praat

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

Beste kollegas

Ek is saam met u dankbaar dat dit lyk of die lang winter verby is en dat die lente wink.

Die nuwe seisoen bring ook die besef dat die akademiese jaar in die pylvak is en steeds meer eise aan ons gaan stel.

Baie sterkte hiermee – in die besonder vir die haal van die doelwitte wat ons almal so blinkoog aan die begin van die jaar gestel het. Ek is reeds baie bemoedig deur die halfjaarresultate wat ek onlangs gesien het en het daarom hoë verwagtinge van wat verder op die onderskeie bedryfsvlakke kan gebeur.

In hierdie uitgawe kan julle onder meer nog meer te wete kom oor die derde been van ons kernbesigheid, naamlik die implementering van kundigheid, in die besonder gemeenskapsbetrokkenheid.



Ons besef toenemend dat die bestaan van die universiteit en dié van gemeenskappe onlosmaaklik met mekaar verbind is. Daarom kan ons ook met reg trots en dankbaar wees dat ons akademië oorweldigend positief reageer met hulle kundige insette

op die uitdaginge van ons tyd. “Betrokke!” is dalk ‘n goeie slagspreuk om die NWU se toewyding en die impak van die meer as 300 projekte in ons onderskeie onmiddellike kampusomgewings te beskryf.

Augustus was ook vrouemaand, en in die gees van Vrouedag gee ek graag erkenning aan die rol wat die vrouepersoneel by die NWU en in die hoërondewyslandskap speel. Baie dankie aan die vroue by die NWU – wat 56% van ons span verteenwoordig!

Hierdie tyd van die jaar is reeds ook vorentoe kyktyd. Ons is besig om die beplanningsprosesse en begroting vir volgende jaar te finaliseer, en is ek dankbaar om te kan sê dat die NWU steeds baie gunstig geposisioneer is om die uitdaginge van hoër onderwys – nasionaal en internasionaal – die hoof te kan bied.

Lekker lees aan hierdie uitgawe van Eish!

Jhans Cloff

Eish! dis nou afdraande

Net so anderkant die halfpadmerk van 2011 het die gang van die tyd steil afdraande begin loop.



Op pad bult-af het vrouemaand, Augustus, verbygeglip. In dié tyd het ‘n paar NWU-vroue uitgeblyk. Lees byvoorbeeld op p5 hoe prof Susan Visser en prof Cara Jonker van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus as invloedryke vroue in die akademiese wêreld vereer is.

In hierdie uitgawe van Eish! plaas ons ook die kollig op die NWU se verbintenis met die gemeenskap. Op p4 weerspieël ons die welwillendheid wat die NWU-gemeenskap op Mandeladag openbaar het, en op p6 vertel me Bibi Bouwman, Institusionele Direkteur: Gemeenskapsverbintenis, meer oor hoe die NWU gemeenskappe bemagtig.

Die NWU se korporatiewe identiteit en handelsmerk kry ook aandag in hierdie Eish! – op p14 en 15.

Die bevordering van die NWU-handelsmerk is belangrik, aangesien feitlik alles wat ons

doen ‘n invloed daarop uitoefen – dink maar aan byvoorbeeld die oordra van bemarkingsboodskappe, die uitvoer van sosiaalnetwerk-aktiwiteite en die aanbied van funksies.

Gelukkig is daar beleide en riglyne wat ons kan help om tydens ons interaksie met ons teikengroepe ‘n eenvormige visuele boodskap in ons kommunikasie oor te dra en om die korporatiewe identiteit korrek toe te pas wanneer dit kom by die gebruik van onder meer logo’s, template, kommunikasiemateriaal en aanwysingsborde.

Voldoening aan hierdie riglyne is deesdae hoog op die agenda en in die lig van die beoogde interne en eksterne bewusmakingsveldtogte is dit nodig om spesiale aandag aan die NWU-handelsmerk te gee.

‘n Moeilike taak is dit darem nie – hierdie uitgawe van Eish! is propvol redes waarom ons almal trots kan wees op die NWU se handelsmerk.

Lekker lees,

Nelia & Marelize

Sektor baat by sy kundigheid

Prof Themba Mosia, die institusionele registrateur van die NWU, is deur die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding, dr Blade Nzimande, aangestel as administrateur van die Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT).

Dit het gevolg nadat 'n onafhanklike assessor ondersoek ingestel het na die bestuur en administrasie van TUT.

Prof Themba se aanstelling is geldig vanaf 15 Augustus 2011 en die NWU het hom vir 'n eerste tydperk van ses maande beskikbaar gestel.*

Prof Themba sal die funksies van die TUT-visekanselier en -raad oorneem met die oogmerk om TUT te bestuur en om prosesse in plek te stel om 'n nuwe raad saam te stel.

"Dit is 'n reuse-eer vir prof Themba en beklemtoon die feit dat hy wyd in die sektor gerespekteer word," sê dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU.

RYKE ERVARING

Hierdie is die mees onlangse voorbeeld van hoe prof Themba die ryke ervaring wat hy deur die loop van sy loopbaan opgedoen het, met ander deel.

Daar is ook ander voorbeelde – hy was vroeër betrokke by 'n ondersoek na probleme by die Universiteit van Zoeloeland, by 'n institusionele audit van die Walter Sisulu-Universiteit en by die toewysing van meer as R4 miljard aan Suid-Afrikaanse universiteite. Daarby het hy namens Hoër Onderwys Suid-Afrika (HESA) opgetree as mentor van 'n postdoktorale genoot.

ONDERSOEKE EN OUDITS

Verlede jaar het prof Themba op versoek van die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding as korporatiewebestuur- en bestuursdeskundige gedien in 'n taakspan wat ondersoek ingestel het na die bestuur en administrasie van die Universiteit van Zoeloeland.

Die ondersoek en voortspruitende verslag het gelei tot die aanstel van 'n administrateur vir daardie universiteit. Prof Themba was hierdie jaar ook voorsitter

van die Raad op Hoër Onderwys (RHO) se Hoëronderwyskwaliteitskomitee (HOKK) wat tussen Februarie en April 'n oudit gedoen het by die Walter Sisulu-Universiteit.

Dié oudit was deel van die RHO se normale kwaliteitsversekeringsaktiwiteite en was prof Themba se vyfde oudit namens en op versoek van die HOKK. Hy is ook die langsdienende lid van die Akkrediteringsraad van die RHO en een van die vyf stigterslede van die RHO in 1999.

Prof Themba was ook al betrokke by die akkreditering van akademiese programme in Indië, die Verenigde Koninkryk, Dubai, die Verenigde Arabiese Emirate en die Seychelle.

FONDSTOEWYSING

In nóg 'n mosie van vertroue het die minister prof Themba onlangs aangewys op die raad van die Nasionale Finansiële hulpskema vir Studente (NSFAS) wat toesig hou oor die toewysing van R4 miljard aan openbare universiteite in Suid-Afrika.

NSFAS administreer die geld wat vir studente-befondsing toegewys word. Die organisasie word bedryf ooreenkomstig die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en word as sodanig deur die Ouditeur-generaal geaudit.

Die NSFAS-raad doen onder meer navorsing om te bepaal wat die behoeftes is en watter hulpbronne beskikbaar is.

"In die lig van die armoede in ons land en die feit dat daar nooit genoeg geld beskikbaar is om almal te help nie, is dit 'n baie moeilike taak," sê hy. "Ek glo egter ons moet voortgaan om alle moontlike geleenthede te verken om hoër onderwys in Suid-Afrika te verbeter."

Prof Themba is in Junie vanjaar vir 'n vierjaartermyn op die NSFAS-raad benoem.

MENTOR

As 'n laaste voorbeeld van hoe hy sy ervaring deel, tree prof Themba sedert 15 Augustus 2011 vir ses weke op as mentor

van 'n genoot van Rhodes-Universiteit, mnr Gcini Mtukela. Dit is deel van die Genoteprogram, wat 'n komponent is van HESA se breër Hoëronderwysleierskaps- en -bestuursprogram wat gemik is op kapasiteitsbou in hoër onderwys.

As deel van die mentorskap word mnr Mtukela aan die NWU se goeie praktyk met betrekking tot korporatiewe bestuur bekend gestel. Dit sluit in aspekte soos rekordbestuur, institusionele regsangeleenthede, studente administratiewe stelsels, en die verskaffing van korporatiewebestuur- en sekretariaatsdienste.

** Mnr Frans du Preez, direkteur in die kantoor van die visekanselier, sal in prof Themba se pos waarneem.*



Prof Themba Mosia, Institusionele Registrateur: NWU.



Die eerste stop vir die Mafikengkampus was die Bethlehem Skuiling vir Straatkinders waar personeel die amptenare van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gehelp het om die skuiling skoon te maak. Hulle het ook sop en brood aan die kinders bedien.



Die inwoners van die Potchefstroomkampus se Wag-'n-Bietjie-dameskoshuis het die Padi Intermediêre Skool op Mandela-dag besoek en die hele dag met die kinders gespeel. Hier is me Tanya Veldsman met twee van die kinders.

In die gees van Mandela-dag

Hulle sê dat die sukses van 'n lewe nie in jare gemeet moet word nie, maar in die gehalte van vriendskappe en verhoudings.

Te oordeel na die internasionale ondersteuning vir Nelson Mandela-dag is dit duidelik dat ons eie Madiba 'n lewende bewys is van die waarheid van hierdie filosofie.

Personeel en studente van regoor die universiteit het deelgeneem aan die wêreldwye viering van Nelson Mandela se 93ste verjaarsdag op 18 Julie deur die 67-minuut-uitdaging te aanvaar.

Mnr Mandela het 67 jaar van sy lewe opgeoffer vir die regte van die mensheid; die uitdaging is eenvoudig: alle Suid-Afrikaners

moet 67 minute van hul tyd teruggee om hierdie erfenis te gedenk.

Die oorhoofse doelwit van Mandela-dag is om individue te inspireer om oor te gaan tot aksie en die wêreld ten goede te verander. Die tema van vanjaar se Mandela-dag was **"Gaan oor tot aksie; inspireer verandering; maak elke dag Mandela-dag"**.

Die Vaaldriehoekkampus het 'n liefdadigheidsprojek vir die Vanderbijlparkse Kinderwelsynsorganisasie van stapel gestuur en komberse, kospakkies en speelgoed ingesamel. Agter van links na regs is eerv John Maloma, Direkteur: Bemaking en Kommunikasie, prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie en Beplanning, en prof Thanyani Mariba, Kampusrektor, met kinders van die organisasie.



Prof Susan erken as invloedryke vrou in SA

Prof Susan Visser, direkteur van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe op die Potchefstroom-kampus, blink behoorlik uit in onderrig en opleiding. Dit is onlangs bevestig toe sy aangewys is as een van die land se invloedryke vroue op hierdie gebied.

Sy het dié prestasie behaal in die kompetisie wat die saketydskrif, CEO (*Celebrating Excellence in Organisations*) loods om erkenning te gee aan Suid-Afrikaanse vroue wat waardevolle bydraes lewer in die sakewêreld en regering.

Dr Wendy Ngoma, die waarnemende hoof van Wits se Besigheidskool het die toekenning aan prof Susan oorhandig tydens 'n glansgeleentheid op Vrydag 29 Julie 2011 in die Sandton-konferensiesentrum.



Dr Wendy Ngoma (heel regs), die waarnemende hoof van Wits se Besigheidskool, oorhandig die toekenning vir die invloedrykste vrou in Onderwys en Opleiding: Akademie aan prof Susan Visser, terwyl prof Cara Jonker (heel links), die naaswenner in hierdie kategorie, toekyk. Prof Susan en prof Cara is albei van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus.

Prof Cara Jonker van die Skool vir Mensehulpbronwetenskappe, ook op die Potchefstroomkampus, was die naaswenner in hierdie kategorie (Onderwys en Opleiding: Akademie). Die organiseerders van die kompetisie het sowat 960 nominasies vir

die 21 verskillende kategorieë ontvang. Gedurende die driefase-evalueringsproses het die beoordelaars die deelnemers op grond van hul CV's en bykomende dokumentasie, asook 'n onderhoud wat op CD opgeneem is, beoordeel.

Voorkom kopiereg-roof

Institusionele Inligtingstegnologie het pas 'n bewusmakingsveldtog geloods om studente in te lig oor kopiereg, insluitende kopiereg op sagteware, films en musiek.

"Ons is 'n waardegedrewe universiteit en wil hê mense moet self besef dit is onwettig om IT-verwante intellektuele eiendom sonder die toestemming van die eienaar te dupliseer en te versprei. Die veldtog gaan dus oor bewusmaking eerder as polisiëring," sê mnr Boeta Pretorius, Institusionele Bestuurder: IT.

Volgens Boeta stel die groot verskeidenheid kommunikasietegnologieë mense in staat om onwettige materiaal te bekom en aan te stuur.


"Daarby besef mense nie altyd wat lisensievoorwaardes presies behels nie. Dit maak byvoorbeeld nie noodwendig daarvoor voorsiening dat 'n rekenaarprogram op twee rekenaars gelaai mag word nie."

Hy sê die veldtog fokus aanvanklik primêr op studente, maar mettertyd ook op personeel. Dit is op al drie kampusse geloods en het afskop met 'n kompetisie vir studente.

'n Eie webtuiste, berigte en advertensies via die kampusse se studentekoerante en -radiostasies, en pamflette en plakkate op die kampusse sal ook gebruik word.

Business Software Alliance (BSA) is 'n organisasie wat op die voorkoming van kopieregskending in Suid-Afrika fokus. Wanneer hulle wenke kry oor moontlike kopieregskendings, kan hulle instansies oudit en, in die geval van skuldigbevindings, swaar boetes oplê. Die volgende inligting verskyn op hul webtuiste:

- In 2009 was meer as vier uit elke 10 sagtewareprogramme wat op persoonlike rekenaars regoor die wêreld geïnstalleer was,



gesteel – met 'n gesamentlike kommersiële waarde van meer as \$51 miljard.

- 'n 10 persent-afname in programmatuuroorwery – 2,5 punte per jaar vir vier jaar – sal \$124 miljard in nuwe ekonomiese aktiwiteit toevoeg, bykans 50 000 nuwe hoëtegnologieerwergseleenthede skep en teen die jaar 2013 ongeveer \$32 miljard in nuwe belastinginkomste genereer.



Gemeenskapsverbintenis

In ons reeks "Fokus op" val die kollig in hierdie uitgawe op gemeenskapsverbintenis by die NWU. Eish! het vir me Bibi Bouwman, Institusionele Direkteur: Gemeenskapsverbintenis, gevra om ons meer hieroor te vertel.



V: Wat is gemeenskapsverbintenis?

A: By die NWU word gemeenskapsverbintenis omskryf as aktiwiteite wat die personeel en studente van die universiteit onderneem om individue of sektore van die gemeenskap op te hef en te ondersteun deur middel van die implementering van ons kundigheid.

Daar is tans meer as 300 gemeenskapsprojekte dwarsoor die NWU aan die gang. Wat vir ons baie belangrik is, is dat die projekte volhoubaar moet wees en gepaard moet gaan met die oordra van vaardighede, en dat die gemeenskap se eie kundigheid en hulpbronne respekteer moet word.

V: Waar pas gemeenskapsverbintenis in by die NWU?

A: Gemeenskapsverbintenis is deel van die derde been van ons kernbesigheid, naas onderrig-leer en navorsing. Tog moet dit nie as alleenstaande beskou word nie – die ideaal is juis om dit in byvoorbeeld kurrikulumontwikkeling en relevante navorsing in te bou, sodat dit deel van opleiding en die daaglikse aktiwiteite van akademici vorm.

V: Waarom het die NWU gemeenskapsverbintenis deel gemaak van sy kernbesigheid?

A: Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding verwag dit van alle hoërsonderwysinstellings om hul kundigheid op hierdie manier met die gemeenskap te deel. Boonop is die NWU 'n waardegedrewe instelling met 'n sosiale gewete wat glo dat die implementering van ons kundigheid ook tot voordeel van gemeenskappe moet strek.

V: Wat is jou kantoor se rol?

A: Ons aktiwiteite sluit in befondsing, fasilitering, byeenbring, implementering, monitering en evaluering. Ons het ook strategiese beleid ontwikkel as onderbou vir die kampusse se planne vir gemeenskapsverbintenis.

V: Watter rol speel die NWU as vennoot van besighede?

A: Ons wil besighede se vennoot van keuse wees wat betref die spandering van hul korporatiewe maatskaplike beleggingsfondse.

V: Kan jy 'n voorbeeld noem van hoe 'n NWU-projek iemand se lewe verander het?

A: Sedert me Sannah Saul van Ikageng by die Mosaic-projek* in Potchefstroom betrokke geraak het, het haar lewe drasties verbeter. Terwyl sy, haar man en haar vyf pleegkinders wat HIV-positief is, eers in 'n tweeevertrek-sinkhuisie gebly het, bly hulle nou in 'n baksteenhuis met drie slaapkamers.

In 'n leerfabriek in Potchefstroom verdien sy deesdae 'n vaste inkomste en het sy nuwe vaardighede (hand- asook algemene lewensvaardighede) aangeleer. Die projek dien ook as ondersteuningsnetwerk vir haar. So het studente-vrywilligers byvoorbeeld gehelp dat die skoolprestasies van die kinders in haar sorg verbeter het.

V: Kan jy 'n paar voorbeelde van gevestigde projekte noem?

A: Die Ikateleng-projek voorsien al die afgelope 22 jaar aanvullende opleiding aan skoolleerders en onderwysers in die omgewings van al drie NWU-kampusse.

Die Potchefstroomkampus se *Farm Labour and General Health-* (FLAGH-) projek is al

sewe jaar aan die gang en is daarop gerig om die lewenskwaliteit van vroue wat op kommersiële plase bly, te verbeter deur verskeie vaardighede aan hulle oor te dra.

Projekte op die Vaaldriehoekskampus sluit in die Siyakhulisa-program vir Vroeë Kinderontwikkeling wat poog om die kwaliteit en standaard van onderwys vir Vroeë Kinderontwikkeling (VKO) vir opvoeders in die Vaaldriehoek te verbeter, asook *Resilient Educators* (Reds), 'n ondersteuningsprogram vir opvoeders wat deur MIV/Vigs geraak word.

Op die Mafikengkampus verskaf die sentrum vir Dieregesondheid primêre dieregesondheidsorgdienste aan mense wat nie 'n veearts se dienste kan bekostig nie, die departement Chemie verskaf skoon water aan die dorpie Madibogo naby Mafikeng en personeel bied Setswanaklasse aan vir onder andere dokters en graad 12-leerders in die omgewing.

V: Watter erkenning word aan mense en projekte gegee by die NWU vir hul bydrae tot gemeenskapsverbintenis?

A: Die NWU het 'n aansporingstelsel wat die bydrae van personeel tot korporatiewe maatskaplike belegging erken. Later vanjaar sal daar weer aan sentrums, projekte en individue erkenning gegee word vir die bydrae wat hulle tot gemeenskapsverbintenis lewer.

**Mosaic voorsien pleegfamilies van weeskinders van behoorlike behuising, werksgeleenthede en vaardigheidsopleiding en het 'n jaarlikse omset van R1 miljoen gedurende die eerste jaar gehad.*

Studente gee R2 miljoen

Die Studentejoolgemeenskapsdiens van die Potchefstroomkampus het onlangs tydens 'n funksie in Potchefstroom R2 miljoen aan sowat 51 organisasies of projekte, hoofsaaklik in Noordwes, geskenk.

NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU-gemeenskap het die afgelope tyd weer hul kundigheid by verskillende geleenthede met die gemeenskap gedeel – hetsy tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die onderstaande met ons lesers.

“ Die psigiatriese verpleegspesialis neem ‘n nie-veroordelende en aanvarende houding in en volg ‘n uitkomsgebaseerde benadering. Dit het ‘n onmiddellike terapeutiese effek, en maak van die psigiatriese verpleegspesialis ‘n toeganklike en kostedoeltreffende verskaffer van gesondheidsorg. ”

*Dr Petra Bester, Skool vir Verpleegkunde, Potchefstroomkampus
Noordwes Gazette, 12 Julie 2011*



“ Die Akademie wil seker maak dat die stem van die akademikus baie duidelik in Suid-Afrika gehoor word – as akademikus het jy die reg om jou standpunt te stel en te motiveer aan die hand van die kennis wat jy verwerf het. ”

Prof Wannie Carstens, Direkteur: Skool vir Tale, Potchefstroomkampus en nuut verkose voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Radio sonder Grense, 19 Julie 2011



“ Ekstrusietegnologie is ‘n kontinue gaarmaakproses wat besonder geskik is vir Afrika. Dit is ‘n relatief goedkoop, energiedoeltreffende en maklik bedryfbare tegnologie wat ‘n wye reeks eetgereed menslike voedsel sowel as diere- en viskos produseer. Dit is ook omgewingsvriendelik aangesien dit baie min afvalprodukte produseer. ”

Prof LJ Grobler, hoof van die Sentrum vir Uitnemendheid in Gevorderde Vervaardiging, Potchefstroomkampus.

SA Co-op, 1 Junie 2011

“ Die gemeenskap in die geheel moet gesamentlik daarvoor verantwoordelikheid aanvaar om die lewensomstandighede van hul medemens te verbeter – die ware gees van ‘Madiba magic’ moet duidelik sigbaar wees in ons daaglikse lewens. ”

*Prof Thanyani Mariba, Rektor: Vaaldriehoekskampus
Vanderbijlpark Ster, 1 Augustus 2011*



“ Taal is nog ‘n probleem by vakke soos Wetenskap en Tegnologie. Indien dié vakke in die moedertaal van student aangebied kan word, sal dit makliker wees om die gehalte van onderwys by skole en universiteite te verhoog. ”

*Prof Thapelo Mamiala, Skool vir Voorgraadse Studies, Fakulteit Opvoedkunde, Mafikengskampus
Radio Sonder Grense, 13 Julie 2011*





In ons reeks oor die NWU se dekanes, kan u in hierdie uitgawe lees waarom prof Herman van der Merwe, Dekaan: Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie op die Vaaldriehoekskampus so geesdriftig is oor inligtingstechnologie, sy werk as dekaan, sy gesin, en die natuur.

Vir dié **optimis** loop programmatuur en natuur saam

Laatmiddag in die Namib ... Prof Herman van der Merwe en sy vrou, Annelie, het tydens 'n vakansie in 2009 die prehistoriese Welwitchia-plant in Namibië besoek.

Prof Herman van der Merwe staan ewe graag na 'n rekenaarskerm as na 'n bosveldvuurtjie.

In die lewe van dié dekaan van die Vaaldriehoekskampus loop sy liefde vir tegnologie en vir die natuur hand-aan-hand, nes die ene en nulle van die binêre kodes van rekenaartaal.

In die Namib maak 'n prehistoriese Welwitchia-plant hom opgewonde, maar op die Vaaldriehoekskampus raak hy opgewonde oor die feit dat sy fakulteit die eerste – en na sy beste wete tot dusver die enigste – ter wêreld is waar besigheid en inligtingstechnologie gekombineer word.

“Die kombinasie van hierdie besondere kundighede in een fakulteit lei tot unieke module- en navorsingskombinasies,” sê hy.

VAN GOOGLE TOT WÊRELDBANK

Prof Herman, voormalige direkteur van Telematiese Onderwys aan die Tshwane-Universiteit van Tegnologie, het op 4 Januarie 2011 as nuwe dekaan van die fakulteit by die Vaaldriehoekskampus aangesluit.

Wat hom dadelik beïndruk het, is die positiewe energie van die personeel en die unieke navorsingsgeleenthede in die fakulteit. Van die navorsingsprojekte wat tans in die fakulteit aan die gang is, sluit onder meer in

die ontwikkeling van spraaktegnologie saam met Google, die daarstel van 'n leerstoel in toegepaste risikobestuur (met die fokus op die industrie), en 'n selfoonlaboratorium – geborg deur die Wêreldbank – wat die harde- en sagteware van verskillende selfone vir Suid-Afrika toets.

Nog iets wat hom opgewonde maak, is die fakulteit se besigheids- en IT-inkubator, bekend as 'B²EE HIVE Business & IT Incubator'. (B²EE staan vir *Bridging Business and Education by Establishing a Hub of Innovative Expertise*.)

“Dit is waar ons geleenthede ontgin om ons studente, personeel en plaaslike gemeenskap

Ander interessanthede

Gunstelingdis: Afval, potjiekos, kerriedisse – alles behalwe soetgoed.

Gunstelingboeke: *Die Perdekombers en ander stories uit die jagveld* deur Pienkes du Plessis; Don Tapscott se boeke oor tegnologie en die impak daarvan op ons alledaagse lewe.

Wat my gelukkig maak: My werk en dit wat ons doen in die fakulteit. Ook dit wat ek saam met my geliefdes doen, soos om 325 km op 'n fiets in Oostenryk saam met my vrou kaf te trap, 'n gholfbal saam met my seun rond te jaag of kos te maak saam met my dogter.

Grillerig: Koue, vetterige, vuil skottelgoedwater.

Kosbaarste besittings: Die ou Bybels, Psalm- en Gesangeboek en Halleluja-boeke van my voorouers.

Gesinslede: My beste "maatjie" is my vrou, Annelie. Ons het twee kinders, Herman en Annerine. Herman is met Renalta getroud en woon en werk in KwaZulu-Natal en my dogter is 'n tweedejaar-sielkundestudent aan die Universiteit van Pretoria. My skoonmoeder (91) bly by ons in die huis en my moeder woon in Potgietersrus, waar ek gematrikuleer het.

te help om 'n besigheidsidee te laat ontkiem en groei tot finansiële volwassenheid," verduidelik hy.

In pas met sy optimistiese geaardheid, besweer hy gou enige negatiwiteit oor die feit dat leerders by talle skole in Suid-Afrika nie toegang tot rekenaars het nie.

GENERASIE Y BLY BY

"Die meeste jongmense – bekend as Generasie Y – oorbrug die tegnologie-gaping tussen skool en universiteit baie makliker as wat 'n mens sou verwag. Een van die redes hiervoor is dat hulle almal selfone het wat hulle soos minirekenaars gebruik.

"'n Opname wat ons verlede jaar in Sebokeng gedoen het, het getoon dat – ondanks die feit dat die meeste mense daar onder die broodlyn leef – 89% van hulle selfone het. Van hierdie groep het 93% deur middel van hul selfone toegang tot die web en ander sosiale media."

Hy glo die probleem lê nie by die studente nie. "Selfs al was hulle nie op skool blootgestel aan tegnologie nie, kom hulle bitter vinnig by. Die probleem lê eerder by sommige dosente wat 'BC' (Before Computers) gebore is, en nie wil waag nie en só die studente van wonderlike geleenthede ontnem," sê hy met 'n vonkel in die oog.

DIS WONDERLIK

Vra 'n mens hom uit oor die gebruik van die jongste rekenaartegnologie in hoër onderrig, antwoord hy so: "Eish! Daar is wonderlike nuwe dinge wat elke nou-en-dan op die horison verskyn.

"Die nuutste is 'ubiquity'. Dit is mobiele, draagbare, beweeglike tegnologie wat meebring dat die draer daarvan oral teenwoordig (ubiquitous) is en toegang tot inligting het. Met behulp van klein, kragtige toestelle wat meestal in jou hand pas, kan jy amper enige plek ter wêreld bereik word of iemand anders bereik, of inligting bekom.

"Ek verwys hier na onder meer die nuwe geslag Android-telefone, Apple se iPhone, die tabletrekenaar, Amazon se Kindle e-boek-leser, en die nuwe generasie Tab-selfone.

DIE MURE VERVAAG

"Dink net aan die moontlike resultate as jy jou studente uitdaag om nuwe inligting buite die klaskamer met mekaar te deel, dinge met mekaar op hulle – of op jou – sosiale web te bespreek en met nuwe idees of kennis vorendag te kom."

Prof Herman glo die moontlikhede om handpas-tegnologie en sosiale media in die lesinglokaal te gebruik, is legio.

ELKEEN KAN ANTWOORD

"Wanneer jy byvoorbeeld 'n vraag in die klas vra, steek studente hulle hande op en een student antwoord die vraag reg, maar hoe weet jy of die ander studente ook die regte antwoord gehad het?

"Die oplossing is om selfoontegnologie as 'n persoonlike reaksiestelsel in te span. As die

studente hul antwoorde na jou rekenaar of selfoon toe stuur wanneer jy 'n vraag vra, kan jy almal se antwoorde sien en bepaal wie hulp nodig het."

Maar is dit alles haalbaar by die NWU?

"Natuurlik," antwoord prof Herman, die ewige optimis. "Ons het die tegnologie en die kundigheid, ons moet net die 'BC-dosente' sover kry om uit die klaskamer te dink. Wanneer hulle begryp hoe hulle tegnologie kan inspan om die mure van die lokaal te laat vervaag, kan hulle vir studente 'n ervaring gee wat vir niks terugstaan nie."

Sy hart lê ná aan die aarde

Moet vir geen oomblik dink dat die tegnologie jou van die natuur verwyder nie. Volgens prof Herman is daar geen rede dat tegno-fundi nie ook natuurliefhebbers kan wees nie.

"Ek ken baie tegnologie-mense wat juis die nulle en ene in hul koppe neutraliseer deur 'n 'laevlak-formatering' in die natuur," sê prof Herman.

Die Van der Merwes span graag uit in die natuur. "Ons verkies die Bosveld in die winter en die see – in besonder Umhlanga aan die Noordkus – in April."

Van die beste vakansie-ervarings wat hy nog gehad het, het iets te doen met diere: walvisse by Hermanus, haaie by Sodwana, olifante in die Chobe Nasionale Park in Botswana en visarende langs die Vaalrivier ná die oorstromings vroeër vanjaar.

Sy gunstelingvoëlsoort is dan ook arende. "Hulle kan ons baie leer oor uithou vermoë, krag, energie en doelgerigtheid."

Daarby glo hy dat honde inderdaad die mens se beste vriende is. "Hulle sal jou altyd stertswaaiend verwelkom, selfs al het jy netnou nog met hulle geraas." Prof Herman het vroeër werkhonde vir die weermag en in sy private hoedanigheid mopshonde (pugs) geteel.

Mafikengkampus vereer staatmakers



Die Mafikengkampus het onlangs hulde gebring aan twee van sy langsdienende lede, prof Lesole Gadinabokao en prof Simon Taole.

Beide was personeel van die universiteit vanaf 1980 (stigtingsjaar van die voormalige Universiteit van Bophuthatswana) tot met hul onlangse aftrede.

Hulle was sleutelfigure in die Fisika-departement wat oor die jare heen heelparty bekende akademici opgelewer het – mense soos prof Dan Kgwadi, Kampusrektor, prof Mogege Mosimege, Viserektor: Akademie,

prof Siphoo Seepe, spesiale adviseur vir die Minister van Verdediging en Militêre Veterane, me Lindiwe Sisulu, en prof Martin Ntwaeaborwa, dosent aan die Universiteit van die Vrystaat.

As blyk van waardering vir hulle lang diens het die twee professore elk 'n lewensgrootteportret van die kampus ontvang.

Prof Seepe was die gasspreker en het 'n gedenklesing aangebied. In sy huldeblyk aan die twee professore het hy genoem dat hulle dit vir hom moontlik gemaak het om te wees wie hy vandag is.

Links bo is prof Lesole Gadinabokao en onder prof Simon Taole.

Setswanaklasse nou vir personeel aangebied

Die Setswana-departement bied nou spesiale Setswanaklasse aan vir personeel wat nie Setswana kan praat nie. Hierdie projek is 'n inisiatief van die Departement Bemaking en Kommunikasie wat 'n behoefte onder nie-Setswanasprekers geïdentifiseer het om in Setswana te kan kommunikeer.

Die beoogde leernutskomstes van die projek is om deelnemers in staat te stel om Setswana behoorlik te kan praat, lees en skryf in 'n werklike konteks.

“Die departement stel dit as prioriteit om ingeskrewe studente met taalvaardighede toe te rus wat dit uiteindelik vir hulle moontlik sal maak om met selfvertroue met die oorgrote meerderheid inwoners in die Noordwes en omliggende streke te kan kommunikeer,” sê me Malefane Zebediela, die projekkoördineerder.

Die eerste klasse het op 1 Augustus 2011 plaasgevind. Kontakssessies word aanvanklik geskeduleer vir twee dae per week, oor verloop van drie maande. Daar is tans 17 studente.

Die meeste van die deelnemers het aangedui dat hulle graag Setswana wil aanleer om kommunikasie te vergemaklik. “Met dié dat ek in die Noordwesprovinsie bly, waar die meeste van die mense Setswana praat, voel ek dit is my plig om die taal aan te leer,” sê me Susan van Rooyen, alumnikoördineerder en een van die deelnemers.

“Behalwe daarvoor dat ek dink elke Suid-Afrikaner behoort homself ten minste te kan help in die taal van sy landgenote, vergemaklik dit ook kommunikasie met kollegas, studente en alumni, en dit moedig respek aan.”



Me Susan van Rooyen (links), alumnikoördineerder, en me Shirene Klink, Bestuurder: Inwoningsdienste, ywerig besig om aantekeninge te maak tydens 'n Setswanaklas.

Vooraanstaande wetenskaplike besoek kampus

Die Departement Biologiese Wetenskappe het onlangs besoek ontvang van prof Don Cowan, 'n internasionaal bekende NNS-gegradeerde wetenskaplike. Hy is die voorsitter van die *Royal Society of South Africa* (RSSA), wat later vanjaar die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Mikrobiologie (SAVM) se konferensie in Kaapstad gaan aanbied.

Die doel van sy besoek was om die RSSA en SAVM aan personeel bekend te stel, om lede te werf vir die Instituut vir Mikrobiële Biotegnologie en Metagenomika (IMBM) en om samewerkingsmoontlikhede met die kampus te ondersoek.

Prof Cowan het al ongeveer 195 navorsingsreferate, resensieartikels en hoofstukke in boeke gepubliseer en dien op die redaksies van 12 internasionale tydskrifte.

Hy is tans 'n senior professor by die Universiteit van die Wes-Kaap en is ook stigter en direkteur van IMBM.



Die gesellige nuwe koffiekroeg, ferdi's, in die biblioteek.

Koffiekroeg open in biblioteek

ferdi's, die nuwe koffiekroeg in die Ferdinand Postma biblioteek is een van die eerstes van sy soort in 'n universiteitsbiblioteek in die land.

Dr Tom Larney, die Direkteur: Biblioteek-dienste, sê hulle wil graag 'n besoek aan die biblioteek 'n aangename ervaring maak en sien daarom die voorsiening van verversings as 'n uitbreiding van die biblioteek se dienste.

Wêreldwyd is die verskaffing van verversingsfasiliteite byna altyd deel van die verjongingskuur wat biblioteke ondergaan. Die biblioteek hoop veral dat *ferdi's* vir

beide studente en personeel nie net 'n verversingstasie sal wees nie, maar ook 'n plek van sosiaal-akademiese verkeer.

Die Viserektor: Navorsing en Beplanning, prof Amanda Lourens, het tydens die opening van die koffiekroeg gesê dit is vir haar 'n droom wat waar geword het. "Ons wil die universiteit navorsingsgerig maak en ek hoop ons het nou die ruimte geskep waar ons navorsing verder op 'n informele wyse kan inspireer."

Die koffiekroeg word deur personeel van die kafeteria beman en sal vanaf 08:00 soggens tot 18:00 saans oop wees.

NWU-personeel dra mildelik by tot gemeenskapsprojek

As deel van hul gemeenskapsbetrokkenheid het die personeel van Finansiële Administrasie: Inkomste (FADi) fondse vir 'n dag-sorgsentrum in Ikageng ingesamel.

Die departement, onder leiding van die direkteur, mnr Greg Roberts, het fondse ingesamel by personeel in die Joon van Rooy-gebou sodat die *Katlego Early Learning Centre* in Ikageng komberse daarmee kan aankoop.

Bo en behalwe hul bydraes vir die komberse, het me Danelle Kamffer van Studentedissipline en haar span besluit om ook R5 000 uit die ingevorderde studentedissiplinêre boetes te skenk. Dié geld sal aangewend word om 'n aparte babakamer by die sentrum te help inrig.

Volgens Greg kon hulle 30 komberse aankoop, wat hulle saam met PUKfm by Katlego gaan afgelewer het. PUKfm het ook afvalpapier, Afrikaanse kinderboeke, legkaarte en inkleurpotlode onder leiding van mnr Niel Wahl, wat op die gemeenskapskakeelkomitee van PUKfm dien, ingesamel en dit ook oorhandig.

Greg het gesê die kinders was baie ingenome met die geskenke en het hulle met 'n luidkeelse "sharp-sharp" en duimdrukke bedank.

PUKfm het 'n paar jaar gelede vir Katlego as hulle SJGD-projek "aangeneem" en FADi het vanaf 2011 by PUKfm ingeskakel.

Prof Carstens nuwe voorsitter van SA Akademie

Die nuwe voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is ons eie gesoute taalkenner, prof Wannie Carstens.

Prof Wannie, direkteur van die Skool vir Tale en tans voorsitter van die Afrikaanse Taalraad (ATR), is pas vir 'n driejaartermyn benoem.

Hy is vanaf 1992 'n lid van die Akademie en dien sedert 2001 op die Raad van

die SA Akademie. Prof Wannie is aktief in taalkringe betrokke en dien Afrikaans in 'n hele aantal hoedanighede.

Dit sluit in sy posisie as voorsitter van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT), lid van die direksie vir die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) op Stellenbosch en lid van die adviesraad van die Afrikaanse Taalmuseum en Taalmonument in die Paarl. Prof Wannie is

mede-outeur van die negende uitgawe van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS) (2002), en ook die mede-ontvanger van die CJ Langenhoven-prys vir Taalwetenskap van die Akademie vir sy bydrae tot die AWS.

Twee ander lede van die NWU is ook op die Akademieraad benoem: prof Amanda Lourens, Viserektor: Navorsing en Beplanning, asook prof Ewert Kleynhans van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Charl een van Top-200 Jong Suid-Afrikaners

Die Mail & Guardian-koerantgroep het mnr Charl van Heerden as een van Suid-Afrika se Top-200 Jong Suid-Afrikaners benoem.

Charl is 'n jong navorser in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie en 'n gerekende internasionale leier en pionier op die gebied van Stemsoeknavorsing ("Voice Search Research").

Die doel van hierdie erkenning, wat slegs beskore is vir jong volwassenes tot die ouderdom van 35, is om te help om 'n nuwe agenda vir die land daar te stel. Die oogmerk is om deur middel van kreatiwiteit

en die resonansie van nasionale waardes, die lewenstandaard van alle Suid-Afrikaners te verbeter.

Charl se nominasie en latere insluiting in die groep was vir hom 'n groot eer. "Ek is baie bevoorreg ten opsigte van die geleenthede wat ek in die lewe gehad het, asook die mentors met wie my paaie gekruis het." Hy het bygevoeg dat sy studieleier, prof Etienne Barnard, ook 'n belangrike rol in sy prestasies tot nou toe gespeel het.

Op sy spesialisgebied het Charl Stemsoeknavorsing vir die toonaangewende soekenjin, Google, gedoen.



Mnr Charl van Heerden.

Dosente leer innoverende strategieë

Die Eenheid vir Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning (AOO-eenheid) het onlangs 'n seminar oor innoverende onderrigstrategieë in hoër onderwys by die Quest-konferensiesentrum aangebied.

Dosente van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie het die seminar bygewoon as deel van hul professionele ontwikkeling en om

studentedeurvloei en -deelname te verbeter. Die aanbiedings was interaktief en in die formaat van werksinkels vir 48 dosente.

Daar was vier aanbiedings. Dr Saretha Brussow (Universiteit van die Vrystaat) het gepraat oor 'Betrokke leer vir die hantering van gebrekkige voorbereidheid'; en dr Susan van Schalkwyk (Universiteit van Stellenbosch) het gefokus op 'Fasilitering van studente-betrokkenheid'.

Dr El-Marie Mostert en me Erika de Bruyn (Universiteit van Pretoria) was medeaanbieders van die onderwerp 'Objektiewe assessering'; en prof Duan van der Westhuizen (Universiteit van Johannesburg) het gepraat oor 'Innoverende gebruik van rekenaars in die klaskamer'.



Die seminar wat deur die AOO-eenheid aangebied is, was 'n groot sukses. Dosente van die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe werk saam aan 'n taak tydens een van die sessies.

Ekoonom nou deel van keuringspaneel

Nadat hy in 2006 as FinMedia24 se Ekoonom van die Jaar aangewys is, dien mnr André Mellet nou op die kompetisie se nasionale paneel van beoordelaars.

Die paneel bestaan uit al die vorige jare se wenner, en André, 'n dosent in die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe, se taak was om die ekonomiese vooruitskouings van vanjaar se deelnemers te evalueer.

Die kompetisie, vroeër bekend as Sake24 Ekoonom van die Jaar, het aanleiding gegee tot verskeie loopbaanprestasies en hoogtepunte vir André.

Hy beskou dit as 'n groot eer om 'n lid van die keuringspaneel te wees.

As akademikus het André verskeie sertifikaatkursusse in Ekonomie ontwikkel, en hy is 'n hoogaangeskrewe gasspreker oor onderwerpe rakende die ekonomie.

Hy was ook 'n spreker by die onlangse internasionale "East meets West-konferensie" in Osaka, Japan.

Mense wat myle stap

Soos in die vorige uitgawes gee Eish! weer eens erkenning aan al die NWU-kollegas wat gereeld die tweede myl loop in hul daaglikse werkswaardigheid. Dit wil voorkom asof niks hul kan stop in hul strewe om goeie diens te lewer nie.

Me Mary Monaisa, 'n salarisbeampte in die Departement Mensehulpbronne in die Institusionele Kantoor maak weer 'n draai as 'n besonderse tweede-myler. "Mary is altyd vriendelik en hulpvaardig, selfs al het jou navraag nie betrekking op haar werksarea nie. Sy gaan uit haar pad uit om jou by die regte persoon uit te kry, en is altyd beskikbaar," sê me Francinah Mthembu, assistent-tegnikus in die Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling op die Mafikengkampus.

Mnr Keletsamaile Motatsa, junior lektor in Ekonomie in die Fakulteit Handel en Administrasie op die Mafikengkampus, sonder twee van sy kollegas uit. Hulle is **me Karen Visser**, 'n junior lektor in Ekonomie, en **me Evie Pivalliza**, 'n koördineerder in die Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling.

"Karen is toegewyd in haar werk, is 'n goeie bestuurder en is altyd bereid om ander te help – maak nie saak of dit studente, personeel of ander kliënte is nie," sê hy. "Evie is 'n baie goeie koördineerder – sy maak altyd seker dat almal weet wat van hulle verwag word, kommunikeer spersdatsums duidelik en het begrip vir wanneer dinge nie altyd volgens plan verloop nie."

Dr Nomonde Phetlho-Thekisho, 'n senior lektor in Maatskaplike werk in die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe gee ook graag 'n pluimpie aan Evie. "Sy is uiters professioneel in haar werk en haar kliëntediens is van uitstaande gehalte," sê hy.

Mnr Carlo Calitz, 'n hulplynassistent in die Departement Inligtingstegnologie op die Potchefstroomkampus neem graag sy kans waar om **al die personeel van die Gesondheidsentrum** op dié kampus te nomineer vir hul puik diens. Volgens hom is dit aangenaam om te weet dat daar altyd iemand beskikbaar is by die sentrum wat uit hul pad sal gaan om na hul kliënte se behoeftes om te sien. "Soms vergeet mens die goeie en harde werk wat julle elke dag doen – ek sê graag baie dankie!"

Me Leandri Kleinhans, 'n lektor in die Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoekkampus, nomineer 'n drietal kollegas. Hulle is **me Debbie McCallum**, sekretaresse in die Skool vir Basiese Wetenskappe, **me Christine van Aardt**, sekretaresse in die Skool vir Tale op die Vaaldriehoekkampus en **me Ananka Loubser**, lektor in die Skool vir Filosofie op die Potchefstroomkampus. Dié drie dames doen volgens Leandri uitsonderlike werk.

"Ek nomineer graag vir Debbie en Christine vir hul onvoorwaardelike vriendelikheid en bereidwilligheid om altyd te help. Ek het die grootste respek vir die professionaliteit en effektiwiteit waarmee hulle hul werk verrig. Ananka is ongelooflik toegewyd in haar werk en ek weet dat jy haar elke dag, selfs na normale werksure, in haar kantoor sal kry. Haar studente het die grootste respek vir haar – haar opregtheid en die deursigtigheid waarmee sy 'n taak benader, spreek boekdele," sê sy.

Prof Ewert Kleynhans, medeprofessor in die Skool vir Ekonomie op die Potchefstroomkampus nomineer graag vir **me Cathy Crous**, sekretaresse in die kantoor van Prof Frikkie van Niekerk, die Adjunk-visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie in die Institusionele Kantoor.

"Cathy werk nie net vir die NWU nie, sy dien 'n roeping hier en is vir ons almal 'n voorbeeld. Haar werk is van uitstaande gehalte en sy is altyd vriendelik en behulpsaam, sonder om bemoeisiek of indringerig te wees. Dit is vir haar baie belangrik dat ons pragtige universiteit altyd goed funksioneer en sy is duidelik trots op haar werk," sê prof Ewert.

Mnr Molekodi Matsipane, 'n lektor in Verpleegkunde in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikengkampus is nog 'n staatmaker. "Ek is werklik beïndruk met sy goeie gesindheid en bereidwilligheid – hy stap voorwaarde die tweede myl met 'n glimlag," sê me Mahlasela Annah Rakhudu, ook 'n lektor in Verpleegkunde in dié fakulteit. "Hy is besonders behulpsaam en benader altyd sy verantwoordelikhede met erns."

As jy graag 'n kollega wat die tweede myl by die werk loop wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan Marelize.Santana@nwu.ac.za. Onthou asseblief om jou en die persoon wie jy nomineer se postitel en relevante departement of skool ook in die e-pos te noem.

MARY MONAISA



KAREN VISSER



EVIE PIVALLIZA



DEBBIE MCCALLUM



CHRISTINE VAN AARDT



ANANKA LOUBSER



MOLEKODI MATSIPANE



CATHY CROUS




En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n **korporatiewe geskenk** gewen het:



Institusionele Kantoor:
Mnr Andre Fourie, bestuurder,
Departement Belastingdienste



Mafikengkampus:
Mnr Keletsamaile Motatsa,
junior lektor, Fakulteit Handel
en Administrasie



Potchefstroomkampus:
Mnr Samuel Matlepe,
beheerkamer-operateur,
Beskermingsdienste



Vaaldriehoekkampus:
Mnr Wonga Mbijekana,
komiteesekretaris, Kantoor van
die Registrateur

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het – ons het 'n hele klomp inskrywings van elke besigheidseenheid van die NWU ontvang. As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem.

skryfbehoeftes
template
BEMARKING
Het jy die
handelsmerk-
identiteit-
beleid
GELEES?
plakkate
brosjures
reklame
Het jy geweet dat
telesale vir sosiale
netwerke is?
Handelsmerk-
identiteit-
beleid
Gebruik jy
die KID-hand-
leiding?
handelsmerk
bemarkingsgeleentheid
Wie skakel jy vir
handelsmerkadvies?
korporatiewe geskenke
voorleggings
uitnodigings
korporatiewe drag

Neem deel aan ons **NUWE**
opwindende kompetisie en toets jou
kennis van ons **HANDELSMERK!**

Jy kan 'n **korporatiewe geskenk** wen – vind net die
antwoorde op die volgende **vyf vrae!**

WENK: Alle inligting oor die handelsmerk, handelsmerkidentiteit en die korporatiewe identiteitshandleiding kan op die intranet gevind word. Tik die volgende adres in jou webblaaier in: <https://intranet.nwu.ac.za/af/fileplan/liaison/index.html>, of volg die volgende maklike stappe: Gaan na die intranet, klik op 'NWU Handelsmerk-identiteit' onder 'NUTTIGE HULPMIDDELS'.

- 1: Wie is die drie bemarking-en-kommunikasie-direkteure van die drie kampusse en die institusionele handelsmerkbestuurder?
- 2: Waarvoor staan IKKHI?
- 3: Wat is handelsmerkidentiteit (volgens die handelsmerk-identiteit-beleid)?
- 4: Op watter bladsy in die KID-handleiding sal jy inligting oor "Incorrect use of the logo" vind?
- 5: Watter korporatiewe skrif ('font') moet in die amptelike NWU Groupwise-handtekening gebruik word?

Stuur jou antwoorde aan:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260

E-pos: Marelize.Santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus. Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys loslaan!

Vennote ontvang eretoekennings

Die universiteit het onlangs spesiale eretoekennings oorhandig aan die Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte-organisasie (Dalro) en aan DM Kisch Inc, 'n prokureursfirma wat spesialiseer in die hantering van intellektuele eiendom.

Die NWU se visekanselier, dr Theuns Eloff, het Visekanselier-eretoekennings op 20 Julie 2011 tydens 'n spesiale ontbyt in Sandton aan dié twee instansies oorhandig.

“Die universiteit het groot waardering vir die uiters professionele wyse waarop Dalro die NWU se kopiereg-portefeulje en DM Kisch die intellektuele eiendom die afgelope meer as 15 jaar hanteer het,” het dr Theuns gesê.


Die NWU se kopiereg-portefeulje sluit onder meer in die jaarlikse lisensieooreenkomste tussen Dalro en die NWU, waarvolgens die NWU gemagtig word om ander outeurs se werke – soos byvoorbeeld handboeke – te reproduseer en in studiebundels op te neem.



Belanghebbendes tydens die oorhandiging van die Visekanselier-eretoekennings is van links na regs prof Themba Mosia, Institusionele Registrateur: NWU, mnr Gérard Robinson, Uitvoerende Voorsitter: Dalro, me Nothando Migogo, Uitvoerende Direkteur: Dalro, mnr Derek Momberg, Voorsitter van die Raad van Direkteure: DM Kisch Inc, mnr Frans Kruger, Direkteur: Institusionele Regsdienste: NWU, dr Theuns Eloff, Visekanselier: NWU en mnr Nicholas Motsatse, Hoof- Uitvoerende Beampte: Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (Samro).

Die portefeulje vir intellektuele eiendom bestaan uit onder meer patentregte,

handelsmerke, outeursregte en plantelersregte.



Handelsmerkverwante navrae moet gerig word aan die institusionele handelsmerkbestuurder of die kampusse se bemerking-en-kommunikasie-direkteure. Vir grafiese ontwerp kan Graphikos ook help om voldoening aan die riglyne vir korporatiewe identiteit na te gaan. Vir 'n lys van kontakpersone, gaan gerus na die NWU se Handelsmerk-identiteit-bladsy op die personeelintranet.



“Gemeenskapsbetrokkenheid
 is soos huis- en motorinstandhouding.
 Jy kan dit vir 'n ruk lank vermy, maar
uiteindelik gaan **jy** die **prys betaal.**”

– Jonathan Boyd

www.nwu.ac.za

